

KOMMUNIKAMMA



TEKS van DIE WEEK:

2 Kor. 5:17. *“Iemand wat aan Christus behoort is ‘n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.”*

SAKE vir GEBED:

- * Dankie aan Jesus Christus, ons Here en Verlosser dat ons as geemete vandag saam Nagmaal kan gebruik en Sy dood kan gedenk.
- * Ons loof God vir die lieflike en welkome reën wat Hy gestuur het. Ons hou aan om Hom te smee vir uitkoms waar dit so droog is en ook vir ons opvanggebiede.
- * Ons bid vir die Nel gesin met die heengaan van Leon. Sterkte en meegevoel aan Antoinette, Leonette en Jacques.
- * Tina van der Merwe gaan vir ‘n operasie.
- * Bid vir Dossie Nortje wat baie pyn het en swaar kry met haar voet wat gebreek het.
- * Dra vir Lizette Geldenhuys en haar familie aan die Here op. Sy kry baie swaar met die behandeling wat sy tans ontvang.
- * Oom Jan Schnetler en sy familie kry ook swaar met sy dogter, Ina se behandeling. Bid vir hulle.
- * Willie Esterhuizen is in die hospitaal.. Ons bid vir sy gesondheid en ook vir krag vir hom en sy familie.
- * Bid vir Piet Spies se broer, Johan, wat ernstig siek is in die Kaap. Bid ook vir Piet.
- * Bid vir al ons verswakte bejaardes en siekes wat tuis of in aftreeoorde versorg word.
- * Dankie vir julle gebede vir Sakkie Rossouw se ma. Sy word nou goed versorg en is rustig.
- * Ons bid gedurig vir die slagoffers van die corona virus en ons glo dat daar spoedig ‘n teenmiddel daarvoor gemaak sal word.
- * Dank ons Vader vir Sy seën op Kleinskool Inisiatief en die goeie werk wat daar plaasvind. Dankie aan al die getroue werkers wat hul beywer vir die uitbreiding van God se koninkryk in moeilike omstandighede.
- * Ons dank aan al ons sendelinge vir die wonderlike werk wat hulle vir die opbou van ons Here se koninkryk doen. Dankie vir elke lidmaat wat Sy hande en voete hier op aarde is.
- * Die beraad by Moreletpark hierdie week en die gesprek rondom sinodale besluite.

SONDAG 23 FEBRUARIE 2020

09:00 Gesamentlike nagmaalsdiens

Geen kategese of Kamma Kidz

Lydensweke begin

Afskeid van Benji in die kerksaal

Deurdankoffer is ‘n sinodale dankoffer vir Hulp aan Gemeentes

Teebeurt Sondag 1 Maart: Madeliefie en Protea selle

MAANDAG 24 FEBRUARIE

12:45 – 14:00 Gebedsgeleentheid in die gebedskamer.

DINSDAG 25 FEBRUARIE

19:00 Leef@kerk.

WOENSDAG 26 FEBRUARIE

18:30 Aswoensdagdiens

Aswoensdag is die begin van Lydenstyd en die voorbereiding vir die viering van Paasfees. Dit is tradisioneel ‘n tyd van gebed, skuldbelydenis en verootmoediging waardeur ons as kinders van die Here voorberei vir die groot lydensweek en Paasfees. Ons wil jou uitdaag om in die sewe weke tot Paasawek om te vas van iets waarvan jy baie hou. Dalk is dit lekkergoed, koffie of TV kyk? Dalk het dit iets met sosiale media te doen. Daardeur herinner ons onself op ‘n klein manier aan Sy lyding en kan jy sommer gesonder ook anderkant uitkom.

VRYDAG 28 FEBRUARIE

MANNEBYEENKOMS

05:00 Ons kom by Elandré Bosch, Lilylaan 68 bymekaar. Al die manne, ook jongmanne, is welkom.

FONTEINVRIENDE 27 FEBRUARIE

Datum: 27 Februarie

Tyd: 09:30 in die kerksaal

Fonteinvriende nooi almal uit na ‘n oggend saam met **Yoti die Griekse boertjie**. Hy sing ligte Afrikaanse liedjies met ‘n Griekse aanslag.

Daar sal heerlike verversings aangebied word.

Daar is nie ‘n toegangsfooi nie, maar wel ‘n vrywillige kollekte.

MATHYS ROETS OPTREDE

28 FEBRUARIE OM 19:00

Bring ‘n piekniekmandjie en kom luister na Mathys Roets in Kraggakamma kerksaal.

Kaartjies is **R120** per persoon en kan voor en na eredienste gekoop word in voorportaal van kerk, asook gedurende die week by die kerkkantoor.

Ondersteun asb hierdie funksie.

KERKRAAD

Op die laaste Kerkraadsvergadering is JC van der Westhuizen as diaken vir Blok FC verkies.

SONDAG 1 MAART

08:30 Eietydse diens

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens

1^e Lydensweek

NG KERK PATMOS bied aan:

Die nuwe eenvrouvertoning

MARION HOLM

Datum: 3 April

Tyd: 18:30

Plek: Hoërskool DF Malherbe

Koste: R130.00pp

Kaartjies te koop by:

Elizna: 083 258 9860

Leana: 083 567 3133

Westway cafe 041 369 5422.

LOUISA MEYBURGH TEHUIS: OGGEND TEE

4 April 2020 om 10:00 in Kraggakamma kerk.

Almal word hartlik uitgenooi na die oggendtee ten bate van die Tehuis vir 'n fondsinsameling.

Sandra Prinsloo is ons gasspreker en verversings word na die tyd in die saal bedien. Kaartjies kos **R130** en is beskikbaar by Marlene Postma (041-3605243) of Ansie Vorster (041-3794169).

KLEINSKOOLO INISIATIEF

Baie dankie aan al die lidmate wat so ruim bygedra het tot ons nuwe projek. Omtrent 10 jong tieners en 'n hele paar ouer mense en kerkleiers is opgelei in die EE3 kursus, Hoop vir Kinders. Sowat vyftig kinders is reeds ingeskryf vir die eerste van die nuwe kinderbedienings wat op 6 Maart begin. Die gemeenskap is baie opgewonde en baie gebed en moeite gaan in die beplanning. Indien u dalk kryt, kleurpotlode, skêrtjies, gom, gewone potlode, penne, skerpmakers, uitveers, het wat nie gebruik word nie, kan u dit gerus na die kerkkantoor bring. Hulle kan dit goed gebruik. Skenkings van lekkergoed. veral stokkielekkers, sal ook baie welkom wees. Hulle soek ook twee springtoue en tennisballe.

Die eerste van twee kinderbedienings is in area 31 Bethelsdorp (gedeelte van Kleinskool). Florence, wat vir jare saam met my gewerk het, neem die voortou met die organisasie en reklame. Ons vra ook u gebed vir Florence, Pastoor Hartebees en die hele span. Margita Marx.

KONTAKKAART

'n Groen kontakkaart waarop jy jou besonderhede kan aandui as jy 'n nuwe intrekker is, iemand in die gemeente wat siek is kan aanmeld, 'n afspraak met 'n leraar kan maak, voorbidding versoek, 'n wenk aan die hand kan doen of by die gemeente se dienswerk kan betrokke raak, is in die voorportaal beskikbaar.

Vul asseblief jou besonderhede op die kaart in en gooi dit in die bussie wat ook in die voorportaal is.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

NUWE INTREKKERS

Baie welkom aan die volgende persone wat by ons gemeente aangesluit het:

Hannes en Karla Vermaak en kinders Elmé en Hanré, Haydenlaan 11, Framesby.

Christo en Marney Jooste, Plot 270, Kraggakamma Road.

Helena Fyver, Errolrylaan 1, Framesby.

Dimandi Heyneke en Jané van Rooyen, The Oaks 57, Oak Road, Overbakens.

Luzanne en Alwyn Dippenaar, Haydenlaan 21, Framesby.

Charl en Richelle Mestre en Kevin, Balmoral 19, Collindale.

Duane en Nicolene Kinghorn en kinders Damon, Lucas en Steffen, Great Westway 12, Framesby.

Anrico Verster, Gabriella singel 14.

WH en Mareli van Tonder, Norland crescent 2.

Stephen Aylward en seun Pl en Eunice van Biljon en Chantené en Kian, Salfordweg 9, Cotswold.

Rudi en Heveline Nel en Jané, Leila en Liné, Carnationlaan 3, Sunridgepark.

Maart Malligheid word Julie Jolyt -

As gevolg van verskeie botsing is daar besluit om hierdie pret-aand joligheid na 31 Julie te skuif. Dit sal almal wat wil deelneem meer kans gee om te beplan en te oefen. Ons sal nader aan die tyd meet informasie deurgee.

ALMANAKKE 2020

***** Indien daar lidmate is wat nog nie 'n almanak vir 2020 ontvang het nie, kom kry asb een by die kantoor na die eredienste op Sondag of gedurende die week.**



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..